Laaste Krismis vir dié kalkoen

2011-12-29 21:14

Johann Maarman

Robert Gabriel Mugabe is een van daai politieke kalkoene wat nie volgende jaar Krismis moet sien nie. Hoe gouer hierdie ou kalkoen in die braaipan op die stoof beland, des te beter.

Nadat Ben Freeth, ’n Zimbabwiese boer, se roerende ***Mugabe en die wit Afrikaan*** uiteindelik in my Kerskous gestop is, moet ’n mens ’n hart van klip hê om nie aangegryp te word deur die Zim-Führer se erge magsvergrype nie.

Hoe dokter jy die smart van ’n land soos Zimbabwe? ’n Land wie se kers al hoe flouer skyn. Waarvan omtrent nog net die pit oor is. Waar trane en smart daagliks saam met ontbyt, middagete en aandete opgeskep word. ’n Land wat dik gemarineer is in hongersnood, ongeregtigheid en verdrukking.

Daar is niks kontraversieel daaraan om te vra dat hierdie Führer met die ‘ai-foei-tog-snorretjie’ en die dikraambril na Maleisië verkas nie. Dis mos in daardie Oosterse land waar hy peperduur herehuise besit.

Dit sal sy jong liefde, Grace, soos ’n handskoen pas, want dan kan sy op haar gemak inkopies in Hongkong gaan doen om haar skoenekaste met Louis Vuitton, Jimmy Choo en Gucci aan te vul. Om R30 000 vir ’n paar skoene op te dok is banaal – veral in ’n land soos Zimbabwe, waar ’n onderwyser ’n skrale R760 per maand verdien. Die waarde van die skoene van die Führer se vrou kan vir ’n hele paar honderd Zimbabwiërs ’n brood of twee koop.

Dan het ons nog nie by die rokke en jasse van miesies Grace gekom nie. Dit kan maklik nóg ’n paar honderd Zimbabwiërs van mieliemeel voorsien.Freeth vertel hoe boere se haksenings afgesny is in Mugabe se viktimisasie-program. Hoe hul beeste gebuit is, die geil gerwe koring aan die brand gesteek is, die tabakplante uitgekap is, hoe lojale aanhangers (“vryheidsvegters”) van Mugabe carte blanche gehad het om boere van hul plase te verjaag, hoe vroue verkrag is en hoe selfs die katte en die honde op die plaaswerf nie die aanvalle van die besetters ontsnap het nie.Skop-skiet-en-donder-politiek.

Ons politici doen in die geheim dieselfde as dit wat Grace Mugabe doen. Hulle is ook ywerige spandeerders van

staatsgeld. Luukse motors, duur hotelverblyf, herehuise vir ministers, sakeklasvliegtuigkaartjies sodat ’n minister sy stoute nonnatjie in ’n oorsese tronk kan besoek. Ons vervang die Jimmy Choos net deur platinum-kredietkaarte.

Konteks en Verduideliking

Robert Gabriel Mugabe *(Shona pronunciation: [mugabe] English: /muːˈɡɑːbiː/ moo-**gah**-bee; born 21 February 1924) is the President of Zimbabwe. As one of the leaders of the liberation movement against white-minority rule, he was elected into power in 1980. He served as Prime Minister from 1980 to 1987, and as the first executive head of state since 1987.[1]*

1. Woordeskat

Voltooi die volgende tabel deur die Afrikaanse woorde na Engels te vertaal

Afrikaans	English
kalkoen	
Nadat	
Uiteindelik	
Vergrype	
Daagliks	
gemarineer	
Peperduur	
Handskoen	
inkopies	
Banaal	
Skrale	
Rokke	
Jasse	
Haksenings	
Voorsien	
Aanhangers	
Verkrag	
Ontsnap	
Geheim	
Herehuise	
sakeklasvliegtuigkaartjies	
Geil	
Gerwe	
Gebuit	
Plaaswerf	
Staatsgeld	

2. Idiome

Verduidelik die betekenis van die volgende idiome en matafore wat in die teks aangetref word.

2.1. ‘n Hart van klip
2.2. Kers al flouer skyn
2.3. soos ‘n handskoen pas
2.4. ‘n Land dik gemarineer in hongersnood

3. Begripsoefening

Beantwoord die volgende vrae met behulp van die artikel getiteld **"Laaste Krismis vir dié kalkoen"**.

3.1. Wanneer is die teks geskryf?

3.2. Wie is die skrywer van die teks?

3.3. Watter soort teks is hierdie? Kies slegs die korrekte antwoord

a) Nuusberig
b) Boekresensie
c) Kortverhaal

3.4. Wie is die kalkoen waarvan die skrywer praat?

3.5. Watter beroep beoefen Ben Freeth?

3.6. Wat is titel van die boek wat in die teks genoem word?

3.7. Waaroor handel die boek?

3.8. Met wie word Mugabe vergelyk as die skrywer die woorde "Zim-Fuhrer" gebruik?

3.9. Watter drie sosiale en gemeenskaplike probleme wat Zimbabwe teister word in die teks genoem?

3.10. Waarheen dink die skrywer moet Mugabe eerder gaan?

3.11. Waarom se die skrywer so? Gee twee redes wat deur die skrywer genoem word.

3.12. Op watter handelsname spandeer Grace Mugabe staatsgeld?

3.13. Hoeveel verdien onderwysers per maand in Zimbabwe?

3.14. Watter misdade pleeg die Mugabe-aanhangers tydens hul besoeke aan plase?

3.15. Watter Suid-Afrikaaners word met Grace Mugabe vergelyk?

3.16. Is hierdie vergelyking regverdig? Waarom dink jy so?